



B. WARNER (red.). *The Cape diary and letters of William Mann: astronomer and mountaineer, 1839-1843*. Vriende van die Suid-Afrikaanse Biblioteek: Kaapstad, 1989. 104 pp. Geïllus. Prys onvermeld.
ISBN 0 86968 093 5.

William Mann se egodokumente is voorsien van 'n inleiding, historiese aantekeninge oor die skrywer asook opmerkings oor die oorspronklike bronne. Daarbenewens word in die voetnote heelwat verduidelikings oor plekke, persone en gebeure verskaf. Die oorspronklike briewe en dagboek word in die biblioteek van die Bergklimklub van Suid-Afrika en die Kaapse Argiefbewaarplek gehuisves. In 1946 het K.H. Barnard, destydse direkteur van die Suid-Afrikaanse Museum, die briewe en dagboek getranskribeer en van genealogiese notas voorsien. Die publikasie is grootliks op Barnard se manuskrip gebaseer, maar Brian Warner het die teks teen die oorspronklike dagboek en briewe gekontroleer en talryke korreksies en toevoegings gemaak.

Mann se briewe aan sy familie in Engeland gee 'n duidelike en volledige uiteensetting van sy avonture aan die Kaap die Goeie Hoop. Die dagboek daarenteen is deels as 'n joernaal en deels as 'n *memoire* geskryf. Aangesien dit dus volgens die redakteur nie maklik lees of van veel belang vir die algemene leser is nie, is die dagboek hoofsaaklik gebruik om 'n lang brief oor een van sy reise aan te vul. Van April tot Junie 1843 bestaan daar egter geen briewe nie en word slegs op die dagboek staatgemaak.

William Mann is op 25 Oktober 1817 gebore in Lewisham, Kent. Na sy skoolopleiding op Gibraltar waar sy vader bevelvoerende offisier van die Royal Engineers was, is hy na Chatham in Engeland om verder te studeer. Op 12 April 1839 is hy aangestel as tweede assistent by die Koninklike Sterrewag aan die Kaap die Goeie Hoop. In 1845 is hy terug Engeland toe vir behandeling nadat hy van 'n perd geval het. Hy het in 1847 na die Kaap teruggekeer waar hy tot sy dood in 1872 gebly het. In 1853 is hy getroud met die dogter van die hoof van die Koninklike Sterrewag.

Mann se werk by die sterrewag het hom op talle ekspedisies na die binneland gelei. Sy briewe bevat hoofsaaklik inligting oor die topografie, plantegroei en begaanbaarheid van die paaie in die gebied waar hy gereis het. Hy beskryf ook die inwoners, hulle lewensomstandighede, opvoedingspeil en gesindheid teenoor reisigers. Dit blyk duidelik dat hy die boere in die binneland as agterlik beskou het (pp. 50, 63 en 84).

Gedurende 1840 het Mann en twee vriende op eie inisiatief 'n verkenningstog onderneem van hul kamp in die Swartland oor die Bergrivier en toe deur die Piketbergreeks tot in Piekenierskloof en die Sederberge. Van daar is hulle na die Olifantsriviervallei (naby die teenswoordige Citrusdal) en deur Elandskloof tot in die Koue Bokkeveld. Oor die Witsenberge is hulle na Tulbagh en Worcester en daarvandaan met groot moeite oor Du Toitskloofpas na die Paarl waar hulle op Oujaarsdagaand 1840 aangekom het.

Mann se dagboek begin in Januarie 1843 toe hy op 'n uitgebreide werksekspedisie saam met onder andere die beroemde botanikus N. Wallich na die binneland vertrek het. Die tog het hulle noordwaarts oor die Olifantsrivier geneem en ses maande geduur. By hulle aankoms by die Sederberge het Mann een van die pieke (Sneeukop) uitgeklim om opmetings te doen. Van daar is hulle na die huidige Clanwilliam en Citrusdal. Op pad terug het hulle in die omgewing van die huidige Vanrhynsdorp, Vredendal en Nuwerus ook opmetingswerk gedoen.

By die lees van die dagboek en briewe kom 'n mens onder die indruk van die geweldige ontberings wat die vroee reisigers moes deurstaan: vir dae was daar bykans geen water of kos nie, moes hulle in die veld slaap, onherbergsame dele te voet afle of wilde diere en uiterste klimaatstoestande trotseer. Alhoewel die publikasie slegs vier jaar dek, sal die historikus en die belangstellende leser dit baie nuttig vind. Min reisigers het destyds deur die gebiede gereis en nog minder het sulke volledige beskrywings nagelaat. Voorts het geen vroee reisiger berig oor die gevare en ontberings verbonde aan die klim van belangrike bergreekse in die Wes-Kaap nie.

Mann het sy dagboek en briewe geïllustreer en 'n aantal van die sketse is in die publikasie afgedruk. Alhoewel die illustrasies toepaslik is, is die reproduksie daarvan nie altyd van hoogstaande gehalte nie; ook Mann se eie foto is nie baie duidelik nie. 'n Ernstige leemte is die afwesigheid van enige kaarte, iets wat beslis nuttig sou wees vir persone wat met die omgewing onbekend is. Daar is voorts nie 'n inhoudsopgawe en lys van illustrasies om naslaanwerk te vergemaklik nie. Ten slotte is die bibliografie yl en word die bronne nie in die voorwoord vermeld nie.

Genoemde punte van kritiek ten spyt, verskaf hierdie publikasie aangename leesstof en kan dit aanbeveel word by almal wat in vroeë reisverhale en streekgeskiedenis belangstel.

*MARIE WENTZEL*
*Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing*